Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

Jaargang 19 no 3
Maart 2010

- 'n Honderd jaar van Uniewording 2
- Kerknuus 4
- The new atheism - a publishing phenomena 6
- Onderhoud met Marjanie Roose – 'n traumasuster ... 8
- Sendingsgeskiedenis in Suid-Afrika 11
- Begenadiging deur die President 14

REDAKSIONEEL

'n Kompas moet die rigting aandui. In die geval van hierdie blad, die rigting aandui na Christus en 'n lewe waarin Hy sentraal staan. Dit moet gebeur aan die hand van God se geopenbaarde wil, in die Skrif aan ons bekend gemaak. In hierdie uitgawe kan u onder andere lees oor die Nuwe Ateïsme-beweging en die gevare wat dit vir die Christendom inhou. Die Satan maak 'n nuwe, doelgerigte aanslag op Christus en sy kerk. Om die Godsopenbaring te verduister en dit te vervals. Ons weet dat hy toenemend daarin slaag om die kerk skade te berok-ken en gelowiges te laat struikel. Maar ons het die belofte: dat die poorte van die hel dit nie sal oorweldig nie (Matt 16:19).

Laat ons alles in ons vermoë doen om, saam met ander gelowiges, die rigting aan te dui. Laat ons ons elkeen persoonlik en gesamentlik rig op Christus, sonder om onsself steeds af te vra of die ander kompas wel die regte 'keurmerk' dra (Luk 9:50). Ons ervaar in die redaksie en in ons kerkverband dat ons klein is en beperkte hulpbronne het. Mag, in ons kleinheid, die grootheid van Chris-tus tentoongestel word wanneer ons eenheid soek met ander wat die Skrif as hul enigste rigsnoer wil gebruik. En wanneer ons uitreik na mede-Christene, soos dié waarvan u kan lees in die artikel oor hulp aan Zimbabwiese kerke. Daar is baie kompasse nodig wat, vol van die Gees, die wêreld na Christus kan lei.

Vanaf hierdie maand sal die *Kompas* slegs elke tweede uitgawe gebruik maak van spesifieke temas, terwyl in die ander maande 'n ruimer verskeidenheid van onderwerpe aangespreek sal word. Dit is een van die veranderings wat deur ons lesers voorgestel is tydens die 2009-meningsopname, en ons vertrou dat dit die blad ten goede sal kom. Dankie vir u waardevolle en positiewe terugvoer!

Ons neem hierdie maand afskeid van ds Erik van Alten, wat vanweë ander verpligtings die tuig moes neerlê. Ons vertrou dat daar binnekort voorsien sal word in 'n nuwe eindredakteur en ons dank ds Erik vir sy toewyding die afgelope twee jaar.

Jan de Mooij

’n HONDERD JAAR van UNIEWORDING

Geskiedenis & Kerkgeskiedenis

Op 31 Mei van hierdie jaar herdenk ons een van die grootste gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. ’n Honderd jaar gelede, op 31 Mei 1910, het ons land soos wat ons dit ken tot stand gekom. Suid-Afrika is vir die eerste keer verenig in een geografiese gebied en die huidige grense is vasgestel. Met die Uniewording van 1910 is die land dus geografies verenig, maar is daarna in alle ander opsigte totaal verdeel. Hier is die grondslag gelê vir ’n politieke stryd wat eers wetlik in 1994 tot ’n einde gekom het. Ten spyte van die belangrikheid van die Uniewording word daar bitter min aandag gegee aan die honderdjarige bestaan van ons land. Daar word geen ‘eeufees’ beplan en die pers het nog nie werklik baie aandag hieraan gegee nie. Is die honderdjarige herdenking van die Uniewording van Suid-Afrika dan nie ’n rede om fees te vier nie?

Voor die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog in 1899 was Suid-Afrika verdeel in vier aparte gebiede. Die Kaapse Kolonie en die Natalse Kolonie was onder Britse gesag en die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat was twee onafhanklike republieke. Nadat die Boere oorgegee het en die Vrede van Vereniging in 1902 geteken is, is die twee onafhanklike republieke ook onder Britse gesag gebring. Vir die eerste keer in die geskiedenis was al vier gebiede nou onder die gesag van Brittanje en Lord Milner is as hoë kommissaris van al vier gebiede aangestel. Dit het al gou duidelik geword dat ’n samesmelting van die vier gebiede noodsaaklik was om die ekonomie van die kolonies weer op gang te kry na die verwoesting van die Anglo-Boereoorlog. Geskille oor doeanes en tariewe tussen die kolonies het die ekonomiese ontwikkeling gestrem en al gou na die oorlog is daar gepoog om meer samewerking tussen die kolonies te bewerkstellig. In Maart 1903 is ’n konferensie gehou waar ’n tydelike ‘tol-unie’ opgestel is tussen die vier aparte state in Suid-Afrika. Ongelukkig was die tol-unie redelik oneffektief en is die probleme nie werklik opgelos nie, en ‘n ekonomiese eenheid het al hoe meer ‘n prioriteit geword. ’n Verdere rede hoekom die unifikasie van Suid-Afrika noodsaaklik geword het, was die toenemende vrees vir opstande onder die swart mense. Opstande onder die Herero’s in Duits-Suidwes-Afrika (Namibië) in 1904 en die Maji-Maji-rebellie in Tanganjika (Tanzanië) in 1905 het die vrees laat toeneem. In die vier state het die swart ontevredenheid ook toegeneem en dit het in 1906 uitgebars in Natal met die sogenaamde Bambatha-rebellie. Baie mense was daarvan oortuig dat die opstande slegs onderdruk kon word deur ’n sterk gesentraliseerde gesag en ’n interkoloniale verdedigingsmag. Ook die Britse owerheid was ten gunste van ’n stabiele eenheid in Suid-Afrika en het dit teen 1908 al hoe meer as ’n prioriteit begin beskou met die dreiging van ‘n oorlog in Europa.

In 1908 is die eerste stap in die rigting van Uniewording gedoen. Die vier aparte state het afgevaardigdes na ’n Nasionale Konvensie gestuur om die voorwaardes van unifikasie te bespreek. Die beraadslaging het op 12 Oktober 1908 begin en verdere sittings het van laat November tot Februarie 1909 in Kaapstad gevolg. Tydens die samesprekings was daar drie kwessies wat die meeste geskille veroorsaak het. Die eerste kwessie was of die land ’n unie of ’n federasie moet word. Die Natalse Kolonie het ’n federasie voorgestaan waar die vier state elkeen nog ’n vorm van onafhanklikheid sou behou, maar die ander drie state het verkies om eerder ’n staat met ’n sterk gesentraliseerde gesag te vestig. Die meerderheid was dus ten gunste van ’n unie. Die tweede kwessie was om te besluit watter stad die hoofstad moet wees. Die probleem is opgelos deur ’n kompromie waar Kaapstad as setel van wetgewing, Pretoria as administratiewe hoofstad en Bloemfontein as setel van die appèl-afdeling van die Hooggeregshof aangewys is. In die laaste plek was daar groot verskille oor die kwessie van stemreg. Voor die uniewording kon in Natal, Oranje-Vrystaat en die Transvaal slegs blanke mans stem, maar in die Kaap het daar gekwalifiseerde stemreg gegeld, wat beteken dat ’n beperkte aantal swart en bruin mans ook kon stem. Die afgevaardigdes kon nie

ooreenkom oor hierdie kwessie nie en daar is dus besluit om elke provinsie sy stelsel van voor die Uniewording te laat behou. Die Nasionale Konvensie is in Mei 1909 in Bloemfontein afgesluit, nadat 'n konsepgrondwet na die koloniale parlement verwys is. Op 20 September 1909 het die wetsontwerp koninklike goedkeuring ontvang nadat dit deur albei huise van die Britse parlement goedgekeur is en daar besluit is om die Uniewording op 31 Mei 1910 te laat plaasvind. 'n Oorweldigende meerderheid blanke Suid-Afrikaners het die unie-wetsontwerp gesteun, maar daar was sterk teenkanting teen die wetsontwerp onder die swart, bruin en Indiër Suid-Afrikaners.

In die jare na die Anglo-Boereoorlog was daar 'n aansienlike toename in ontevredenheid onder die swart, bruin en Indiër mense as gevolg van die bepalings van die vredesverdrag van 1902 en die behandeling onder Lord Milner se regering. Dit het daartoe gelei dat 'n aantal organisasies gestig is om die lot van die nie-blanke mense te bevorder. 'n Aantal van die organisasies het boodskappe en petisies aan die Nasionale Konvensie gestuur om die regte van die nie-blanke mense ook in ag te neem. Die Nasionale Konvensie het die boodskappe en petisies geïgnoreer en dit het tot baie ontevredenheid gelei. In Maart 1909 is daar 'n groot vergadering in Bloemfontein belê waar afgevaardigdes van swart organisasies bymekaar gekom het om beswaar te maak teen die konsepwetgewing wat deur die Nasionale Konvensie aangeneem is. Die vergadering het as die South African Native Convention bekend gestaan. Hulle het besluit om 'n afvaardiging na Londen te stuur om die Britse regering te oorreed om die wetsontwerp te verwerp. In dieselfde tyd het 'n aantal Indiër leiers, onder andere Mohandas Ghandi, ook na Londen vertrek om die saak van die Suid-Afrikaanse Indiërs te stel. Die Britse owerheid het egter alle vertoë van die afgevaardigdes geïgnoreer en het die wetsontwerp aanvaar. By die Convention in Maart 1909 is daar besluit om nie net een vergadering te hou nie, maar om 'n permanente organisasie op te rig. Die Convention het die voorganger geword van die South African Native National Congress wat in 1912 gestig is en die naam is later in 1923 verander na die African National Congress (ANC). Die bepalings wat by die Uniewording aangeneem is, het dus direk aanleiding gegee tot die swart weerstandsbewegings wat in latere jare opgerig is.

In 1911 is die regerende partye verenig in een party met die naam die Suid-Afrikaanse Party (SAP). Die dringendste prioriteite van die nuwe Unie-regering was om die staatsdiens te konsolideer en om 'n sentrale gesag te vestig. Een van die mees kontroversiële wetgewings wat deur die nuwe regering aangeneem is, was die Naturelle-grondwet van 1913. Die wet het bepalings gemaak oor die aankoop, huur, besit en bewoning van grond deur alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Dit het groot gevolge gehad vir die werkstoestande van swartes in landelike en stedelike gebiede. Die wet het ook die grondslag gelê vir die 'Tuisland'-stelsel, waar elke 'stam' in Suid-Afrika 'n gebied toegeken gekry het waar hulle mog woon. Alhoewel die grootste gedeelte van die bevolking in Suid-Afrika uit swart mense bestaan het, het die 'Naturelle-gebiede' minder as 8% van die grondoppervlakte van die land beslaan. Die 'Naturelle-grondwet' het dus effektieflik die land verdeel. Alhoewel Suid-Afrika dus geografies verenig is met die Uniewording, het die eerste jare ook tot verdeeldheid gelei.

Genl Louis Botha

Latere wetgewings het meer verdeeldheid gebring tussen die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Die gekwalifiseerde stemreg in die Kaap het ook stadig begin verdwyn en die handvol nie-blanke mense in die Kaapprovinsie wat mog stem, is meer en meer beperk. In 1936 het swart kiesers in die Kaap stemreg verloor en dieselfde het met die bruin kiesers gebeur in die 1950's. Teen 1960 kon slegs blanke mense in Suid-Afrika stem en alle verteenwoordiging van ander bevolkingsgroepe het verdwyn. Eers in 1984 het die situasie begin verander toe bruin mense en Indiërs beperkte stemregte gekry het,

maar dit was eers in 1994 dat alle volwasse mense in Suid-Afrika op gelyke voet stemreg gekry het.

Met die Uniewording in 1910 is Suid-Afrika dus staatkundig en geografies verenig. Op 'n ekonomiese vlak het dit groot voordele vir die land ingehou. Een van die groot voordele van die unifikasie is dat dit moontlik geword het om die land se infrastruktuur te verbeter. Paaie, spoorlyne en kragstasies is gebou en dit het 'n groot invloed gehad op die ekonomiese ontwikkeling van die land. As gevolg van die verdeeldheid het menslike ontwikkeling egter nie plaasgevind nie en is in baie gevalle selfs teengestaan. "Ons" en "hulle" het al hoe dieper en sterker in ons samelewing gevestig. In 1994 is die ongelykheid en verdeeldheid in Suid-Afrika op 'n wetlike vlak opgehef, maar die "ons" en die "hulle" gedagtes is nog sterk aanwesig in al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.

Dit is nou honderd jaar na die Uniewording van Suid-Afrika. Is dit 'n rede om fees te vier? Die impak wat 31 Mei 1910 op die ontwikkeling van Suid-Afrika as 'n land gemaak het, kan nie ontken word nie. En om dié rede is dit miskien wel belangrik om die dag te herdenk. Tog moet ons bly onthou dat ons nog steeds geen werklike eenheid – unie – in Suid-Afrika het nie. In 'n sekere sin is die unifikasie of Uniewording van Suid-Afrika 'n proses wat nog steeds aan die gang is. Dit is iets waaraan ons almal, as burgers van hierdie land, nog elke dag moet werk.

Bronne:
H. Giliomee & Mbenga, B. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*. Tafelberg, 2007.
T. Cameron & Spies, S.B. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika – in woord en beeld*. Human & Rousseau. 1986

Ineke Roose *is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

KERKNUUS

Kerknuus

Nederland - *korrespondent : Ds Axel Hagg*

In die komende jare word die werwing van meer studente 'n belangrike prioriteit vir die Teologiese Universiteit van die Gereformeerde Kerke (vrygemaak) in Kampen. Hierdie opleiding vir o.a. predikante wil graag aan meer as die huidige 86 studente klas gee. 'n Mikpunt van 125 studente teen 2016 is as doelwit gestel. Om hierdie doel te bereik, het die universiteit onder meer die toelatingsvereistes verbreed. Tot op hede moes die bestuur van toesig, die sogenaamde kuratorium, nie-vrygemaakte studente keur vir die teologiese studie. Hierdie prosedure gaan nou verval. Ook wil die universiteit in die werwing van studente meer nadruk daarop lê dat die teologie-studie nie eksklusief aan 'n kerklidmaatskap gebonde is nie. Wel word van alle studente 'n positiewe houding gevra t.o.v. die grondslag en identiteit van die universiteit. 'n Ander voorneme is om die vooropleiding klassieke tale te laat verval en die talestudie volledig in die baccalaureus-studie te integreer. Dit kan die instroming van studente vergroot, veral omdat baie studente nie die vakke Grieks en Latyn op middelbare skool wil of kan neem nie. Dit beteken volgens die rektor van die TU, prof M te Velde, egter nie dat die klassieke tale minder belangrik word nie. Maar die klem lê op Skrifstudie. In die komende jare is daar a.g.v. die "vergrysing" (veroudering van die Nederlandse bevolking, AGH) jaarliks behoefte aan ongeveer twaalf nuwe predikante. Op hierdie stadium "lewer" die universiteit tussen twee en drie predikante per jaar.

Ook het die universiteit studiedae oor Skrifgebruik belê, met as tema: "Die krag van die Skrif in 'n komplekse wêreld van vrae." Die doel van die studiedae is volgens prof Te Velde om breër insig te gee in die manier waarop die dosente besig is met die lees, uitlê en toepassing van die Skrif in Kampen. Die universiteit wil graag aktief met die gemeentes kommunikeer en in gesprek tree oor die manier van Bybellees. Vroeër het hierdie kommunikasie via die koerant en kerkblaaie gegaan, maar nou vra dit meer inspanning van die opleiding om met die gemeentes te kommunikeer. Die GKv-gemeentelede kyk vandag ook na ander benaderings as dit gaan oor wat in die kerk gesing word, of oor egskeiding en die toepassing

van die vierde gebod. En daarom, sê prof Te Velde, is "…van automatisch vertrouwen niet meer langer sprake. Het gaat om zinnige vragen waarover we graag open in gesprek gaan.''

'n Voorbeeld hiervan is die bespreking oor die posisie en taak van vroue in die kerk. Gesprekke oor vroulike diakens is in verskeie gemeentes voluit aan die gang. Verskillende benaderings sien die lig. So meen ds Robert Roth, GKv-predikant in Oegstgeest, dat die vraag of daar vroulike diakens in die GKv mag kom, nie mag afhang van 'n adviserende sinode-kommissie nie, maar dat daar veral goed geluister moet word na gemeentes wat op hierdie terrein al prakties besig is.

Daarteenoor sê dr HJCCJ Wilschut, GKv-predikant te Smilde, dat dit nie in die eerste plek belangrik is wat plaaslike gemeentes dink nie, maar wat die kerkverband op grond van die Bybel hieroor sê. Dr Wilschut is ook nie onder die indruk van die feit dat ongeveer 50% van die kerklidmate in die GKv geen beswaar het teen vroulike diakens nie. Volgens dr Wilschut moet 'n mens nie menings "tel" nie, maar "weeg". Wat in sommige kerke miskien al besig is om te gebeur, is daarom nie direk wettig volgens die Bybel nie. Anders word daar in die kerke net maar toegegee aan die individualiserende denke in die postmoderne Nederlandse samelewing.

Dan is daar ook 'n bespreking oor wanneer 'n persoon die kerk mag verlaat as sy ontrou geword het. Ds Paul Voorberg, GKv-predikant in Emmeloord, is van mening dat 'n mens die kerk slegs mag verlaat wanneer jy uitgeskop word. Ander is van mening dat jy die kerk ook mag verlaat as sy nie meer die naam "kerk" werd is nie, omdat sy valse leer tolereer. Dat hierdie onderwerp baie aktueel is, blyk duidelik uit die feit dat ds E Heres, GKv-predikant in Dalfsen, saam met twee diakens en 24 ander lidmate hulself verlede week van die plaaslike GKv-gemeente afgeskei het en kerkdienste in die Emma-gebou belê het. Volgens hierdie groep het die kerkraad van Dalfsen ontereg ingestem met die besluite van die Sinode van Zwolle-zuid. Ongeveer 120 mense het afgelope Sondag die kerkdienste van die afgeskeide lede bygewoon. Ds Heres is die derde predikant binne 'n jaar wat homself van die GKv afgeskei het. Of hierdie tendens sy voortgang gaan vind by ander predikante, is egter onduidelik.

~~~

Besoek aan Zimbabwe – Desember 2009

Kollektes

Gedurende 2009 het die verskillende gemeentes van die VGKSA kollektes gehou vir die ondersteuning van kerke in Zimbabwe met wie ons kontakte het. Hierdie kerke met hul lidmate het en gaan nog steeds gebuk onder die voorslepende politieke en ekonomiese krisis in Zimbabwe.

Die Deputate vir Kontak met Buitelandse Kerke (BBK) het ons versoek of ons nie dalk kans sien om hierdie gawes na Zimbabwe te bring nie, en ons het ingewillig. Deur middel van ds Jerry Mhlanga en broeder Douglas Mlambo (lid van die Akasia-sendingsgemeente) is die volgende kerke in Zimbabwe gekontak:

- CCAP in Chiredzi (CCAP – Church Central Africa Presbyterian)
- Reformed Church of Zimbabwe in Chiredzi
- CCAP in Mutare

CCAP in Mutare

Reformed church of Zimbabwe in Chiredzi
~~~

Behoeftes

Teen die tyd – Desember 2009 – dat ons beplan het om die besoek aan Zimbabwe te maak, was die behoeftes anders as wat die geval was vroeër in 2009. Daar was eers groot tekorte aan voedsel en brandstof, maar teen die tyd van ons besoek was hierdie probleme grootliks aangespreek. Die gemeentes het dus aangedui dat ons eerder Bybels, *Hymnbooks* en t-hemde kan skenk.

Ons was in staat om die volgende items vanuit Suid-Afrika oor die grens te neem:
63 Engelse NIV-Bybels
350 t-hemde

Ons het die volgende in Chiredzi se boekwinkel gekoop:
45 Shona-Bybels: Shona is die plaaslike taal in Zimbabwe
30 Shona-*Hymnbooks*
60 Chewa-*Hymnbooks*: Chewa is een van die hooftale wat in Malawi gepraat word. Daar is baie Malawiërs wat na Zimbabwe geïmmigreer het in die tydperk van 1940–1950. Dit was toe Zimbabwe, Zambië en Malawi nog een federasie was. Die CCAP-kerke het vernaamlik hul ontstaan vanaf Malawi en daar is baie lidmate wat oorspronklik nog van Malawi kom.

Die items is verdeel onder die 3 kerke. Die t-hemde was bedoel om gebruik te word deur die kerkkore of deur die jeug.

Groete

Aldrie die kerke was baie dankbaar teenoor die Here dat Hy dit moontlik gemaak het vir die VGKSA-lede om hul gawes te deel met Christen-broeders in hul buurland. Warm broedergroete word aan al die VGKSA-gemeentelede gestuur vanaf die volgende leraars en hul gemeentelede:

- Ds Ezekiel Baloyi van die Reformed Church of Zimbabwe in Chiredzi
- Evangelist Gibson Botomani van die CCAP in Chiredzi (tans vir verdere opleiding in Zambië)
- Ds Lameck Mwale van die CCAP in Mutare

Figure 1: Lede en leiers van die Reformed Church of Zimbabwe en CCAP in Chiredzi

Andreas en Mieke Boon

Andreas is ´n landbou-ekonoom en Mieke antropoloog. Hulle is lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

THE NEW ATHEISM – a publishing phenomena

Leer & Lewe

If God died in the 1960's then someone forgot to tell the British publishing industry. Books about God have been the surprise bestselling phenomena of the past 18 months. Richard Dawkin's *The God Delusion* which has sold over a million has been joined in the best seller lists by Christopher Hitchin's *God is not Great,* Sam Harris's *Letter to a Christian Nation*, AA Grayling's *Against all Gods* and a host of other books extolling the virtues of atheism and the dangers and follies of religion. Atheist publications are not new and for anyone with any knowledge of basic philosophy and religion the arguments put forward in these books contain nothing new. What is interesting is why they have proved to be so popular. They are clearly tapping into something in the popular *zeitgeist* in sections of both European and North American society. It is also something that is being exported across the globe – though mainly to societies which consider themselves as being more 'enlightened' (i.e. Western liberalism). South Africa has not been immune from this phenomena. You will forgive me writing this from a British perspective, but I am sure that much of what is written here, also applies to some areas of South African society as well.

From a publishing point of view it has clearly been the right place and the right time to launch the New Atheist publishing. Why? There is no doubt that the books are in general well written, entertaining and informative. They are written in a populist style about subjects which most people would consider important and interesting. Little wonder that they have proved a hit. Yet there are other reasons why they have hit the spot.

The first is fear. People are afraid of religion. After all, as is pointed out *ad nauseum* by all the atheist writers, atheists don't fly planes into buildings (granted, but then neither do they build hospitals or establish schools because of their atheism!). Dawkins, Hitchins, Harris *et al* love to warn us that the religious are going to bomb us, take us back to the Dark Ages and abuse our children. The fact that this is a fear which is widely held means that they can get away with the most extraordinary hyperbole – Dawkins for example tells us that Harris's book is so important that we should read it if it is the last thing we do and hope that it is not. Such apocalyptic paranoia is all too typical of the New Atheists.

Another reason for the popularity of these works is that they appeal to the prejudices of their readers. Prejudices such as all religions are essentially the same and that therefore what can be said about one must apply to the others. The illogicality of that should be obvious – but sadly when it comes to matters of religious belief logic often seems to be thrown out of the window. Dawkins makes no secret that he is preaching to the choir – he just rejoices that it is a big choir. Most people who read these books are delighted with them, not because they challenge pre-existing beliefs, but rather because they reinforce them. The books are read with all the delight of a believer reading Holy Writ, one can almost hear the Amens and Hallelujahs being shouted across Atheist living rooms and media outlets!

In addition, whilst making some clear and reasonable criticisms of religion, criticisms which Christian people have to face up to and indeed have been doing so for centuries, the New Atheist authors are able to get away with their sweeping generalisations, *ad hominem* arguments and simplistic philosophy because they are largely appealing to people's ignorance. In a world where, thanks to Google and Wikipedia, everyone has instant 'knowledge' to suit their own prejudices, it is easy for the wisdom of previous ages and of those who have studied and thought about these issues for many years, to be dismissed as irrelevant and meaningless. Thus our New Atheist writers are able to dismiss all theology as useless as a chocolate teapot. They know that we largely live in an ahistorical society where, despite the interest in genealogy, people are rooted in the here and now and are largely ignorant of the past, thus enabling the New Atheists to make sweeping historical generalisations which they will never be challenged on. Thus Dawkins in *The God Delusion* can make the incredible claim that the racism of such 'liberal' thinkers as H G Wells and Thomas Huxley would now be unacceptable because of 'improved education and in particular the increased understanding that each of us shares a common humanity with members of other races and with the other sex – both deeply unbiblical ideas that come from biological science, especially evolution'. Only someone with a complete ignorance of the Bible, theology and the early history of 19th Century evolutionary thought could make such a claim. Whereas in the early 19th century Christians such as Wilberforce were arguing that all human beings were made in the image of God and should be treated equally, liberal evolutionary thinkers such as Huxley argued in 1871 "No rational man, cognizant of the facts, believes that the average negro is the equal, still less the superior, of the white man."!

Well written, polemical, appealing to fear, prejudice and ignorance – all that needs to be added to the mix is that New Atheist books have been superbly marketed. *The God Delusion* is a 'must have' coffee table book for the British chattering classes. Newspapers and media are regularly drip fed interviews, publicity material and of course many columnists share the presuppositions and thinking of Dawkins *et al.* Perhaps the most interesting aspect of this marketing is the self portrayal of the books as being new, brave, courageous and adding to 'the debate'. One supermarket chain even had an advertising campaign for *The God Delusion* which placed the book at the front of the store and then urged shoppers to purchase the book and 'join the debate'. But they have refused to sell any alternative. And therein lies the problem - there is no debate.

The New Atheists generally do not debate – they shout. They know that they are right and that their position is the reasonable and intelligent one, therefore everyone who disagrees with them is *ipso facto* not intelligent enough to debate with. If anyone doubts the crypto–religious nature of the New Atheism just pay a visit to the Dawkins website, complete with its testimonies and 'converts corner'. Try challenging atheist doctrine and you will soon find yourself on the receiving end of abuse normally reserved for heretics by the most extremist religious cults. And attending a Dawkins book event is more

like a Billy Graham revivalist meeting, than it is an educational event. There are a lot of needy atheists out there (and recovering religious types) who need this kind of therapy, but it should not be dignified by being called 'debate'.

This lack of debate is exacerbated when the other point of view is almost never carried in the secular media. Of course occasional critical columns or comments are offered, but these are usually about style rather than substance. The British Media no more 'does' religion, than do British politicians. And to some extent the Church in Britain is to blame for this – divided, defensive and dumbed down, it has created a ghetto mentality and a Christian market, with the result that any attempt to break out of that is met by defeatism at home, and derision abroad.

There are of course exceptions. When I wrote my own response to Dawkins we wanted to place it in the secular market place and so Borders were approached. Although perhaps a little suspicious of 'religion' they took it on board and as a result have had their most successful Scottish book tour. With attendances of over 100 at each of their stores for an event with an unknown author, it is clear that there is something in the air. Religion (as well as anti-religion) still stimulates. And sells.

The New Atheist movement may be a publishing phenomena but it is also a political movement and as such carries all the dangers of fundamentalist involvement in politics. As part of the political campaign to marginalise Christians and prevent our involvement in public society all MPs have been sent a copy of *The God Delusion.* Should we be worried? Yes. When fear, prejudice and ignorance are used to influence politics and stifle debate, then all those who want an open and tolerant society should be warned. Atheist fundamentalism may prove to be just as potent, intolerant and dangerous a force in British society as any religious fundamentalism.

For the Christian of course, there is another side. The gates of hell shall not prevail against the Church. There is one thing far more dangerous than opposition, to the advance of the Gospel. And that is apathy. Dawkins et al have done us a great favour by making 'religion' a talking point again. In the arena of philosophies and world views there is now an open market place. And, in the Gospel, we have the best philosophy of all. Let's take the opportunity provided by the New Atheists to bring to a starving world the Good News of Jesus.

David A Robertson

Author of *The Dawkins Letters – Challenging Atheist Myths* and Editor of *The Record* (The magazine of the Free Church of Scotland).

KOMPAS gesels met Marjanie Roose – 'n traumasuster

Onderhoude & Verslae

Marjanie Roose, 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria, is 'n traumasuster by die noodgevalle-eenheid van die Steve Biko Akademiese Hospitaal (voorheen Pretoria Akademiese Hospitaal). Ek het met haar gaan gesels oor haar werk en haar lewe as 'n suster in 'n hospitaal wat gereeld nuusopskrifte haal.

Sy skets 'n ander prentjie as dit wat ons elke nou en dan in *Beeld* lees.

Staatshospitale in Suid-Afrika haal gereeld nuusopskrifte van pasiënte wat kla oor diens wat nie gelewer is nie of hoe pasiënte te na gekom is. "Hospitaal verniel pasiënte", lui 'n opskrif Oktober verlede jaar in 'n dagblad.

'n Storie oor drie verskillende gevalle waar mense kla oor die behandeling wat hulle ontvang het.
Maar agter dié opskrifte is daar dokters, susters en verpleegsters wat met dit wat tot hul beskikking is, baie hard werk om 'n verskil te maak. Wat is die waarheid? Hoe is die situasie in die staatshospitale werklik?
Marjanie het al in beide privaat- en staatshospitale hier in Suid-Afrika asook in Australië gewerk. Vandag verkies sy om in 'n staatshospitaal te werk.
Sy glo Suid-Afrikaners besef nie hoe bevoorreg hulle is met die mediese sorg wat in Suid-Afrika tot hul beskikking is nie. "Ek het in noodgevalle in Australië gewerk. Daar het die privaathospitale nie noodeenhede nie. Dus dit maak nie saak wie jy is nie, as jy 'n ernstige besering het, sal jy na 'n staatshospitaal moet gaan en jy sal moet wag. Pasiënte het gemiddeld tussen ses en tien ure vir behandeling gewag."
Marjanie werk soms oortydskofte in privaathospitale. "Mense kla selfs as hulle net 'n halfuur vir behandeling moet wag. Maar nêrens in die wêreld gaan jy net 'n halfuur sit en wag nie. Mense is so bederf hier dat hulle nie besef wat hulle het nie," sê sy.

Die realiteit

Die susters werk in 12 uur-skofte. "Ons begin kwart voor sewe en probeer om kwart voor sewe huis toe te gaan, maar meestal werk ons 'n halfuur langer." Sy verduidelik die eenheid bestaan uit 35 beddens, maar op 'n slegte dag het hulle tot 50 pasiënte in die eenheid. As gevolg hiervan is hulle altyd op soek na ou beddens om te gebruik. Sy sê as die pasiënte moet kies om op die grond te lê of op 'n ou bed, dan kies hulle die ou bed. "En as hulle gesond genoeg is, sit hulle op 'n stoel."
As al die beddens vol pasiënte is, word die eenheid meestal gesluit. Dit beteken inkomende pasiënte word na ander hospitale in die omgewing verwys, soos Kalafong of George Mukhari-hospitaal (voorheen Garangkuwa). "Dit gebeur soms drie tot vier keer per week."
Sy is mal oor haar werk. "Die staat kyk na sy susters. Ons werk minder ure vir 'n groter salaris en ons kry goeie ondersteuning. Ons medies is baie goed en ons kry 'n behuisingstoelaag. Ons werk 160 ure per maand, in privaathospitale werk jy 180 tot 190 ure per maand."
Ja, sy erken soms is dit chaoties en deurmekaar, maar op die ou end maak jy so 'n groot verskil in mense se lewens dat jy dit nooit kan vergelyk met privaathospitale nie.
"Ons geniet ons werk. Niemand gaan vir 12 ure hulself doodwerk en dit nie geniet nie." Sy sê hulle kla altyd hoe hard hulle werk, maar niemand bedank nie, want die adrenalien is vir hulle heerlik.

Mense verstaan nie altyd nie

In die noodeenheid word prioriteit 1 en 2 pasiënte behandel. Dit is pasiënte wat intensiewe of hoësorg behandeling nodig het of verwys is vanaf ander hospitale omdat hulle nie daardie hoësorg kan lewer nie.
En dit is iets wat mense nie altyd verstaan nie. Die meeste kere wat die hospitaal die nuus gehaal het, was dit situasies buite hul beheer of was dit mense wat nie die opset verstaan het nie.
Marjanie erken dat dit meestal die families van pasiënte is wat die moeilikheid veroorsaak.
Die persoon wat in bevel van die eenheid is of by die toonbank werk, moet die familie hanteer. "Aan die een kant probeer ons verstaan dat die familie gestres is omdat hul familielid beseer is." Maar sy sê dit is vreemd genoeg nie die baie siek pasiënte wie se families probleme veroorsaak nie. "Dit is gewoonlik die pasiënte wat 'oukei' is, wat moet wag vir 'n spesialis om hulle te behandel. Dit is hulle familie wat ongeduldig raak." Die realiteit van 'n staatshospitaal is dat jy moet wag, maar mense raak baie aggressief. "Tot op so 'n punt dat ons nou vuurvaste glas by ons toonbank het."
Mense het al susters rondgeruk. Hulle kom dronk daar aan en vloek en skree net omdat hulle eerste gehelp wil word, vertel sy. Sy sê dat hulle omtrent elke nagskof dronk mans kry wat in die kroeë baklei het. "Hulle kom dan in om steke te kry, iets wat ons nie doen nie, want ons is 'n gespesialiseerde hospitaal. Vir steke moet jy na 'n kliniek, jou huisdokter of distrikshospitaal gaan.
"Wanneer ons hulle dan na die regte plek verwys, word hulle kwaad en dreig om koerante toe te gaan en neem foto's met hul selfone. Hulle dink dan dit is baie uniek dat hulle nou koerante toe wil gaan."
Só 'n situasie is moeilik om te hanteer. "Jy probeer maar met hulle praat en probeer die situasie aan hulle verduidelik. Maar baie mense luister nie en skree net. En as jy op daardie punt kom

waar jy besef hulle gaan nie luister nie, dan vra jy hulle om die eenheid te verlaat. Of jy vra sekuriteit om hulle te verwyder. Die probleem is hulle kom gewoonlik in groepe van 5 tot 10. Maar ons kan hulle nie in die eenheid hou nie, want daar is siek pasiënte; mense kan nie skree en te kere gaan nie."

Sy onthou die keer toe daar 'n pasiënt wat in 'n padongeluk was, ingekom het. Sy het gedrink en huis toe bestuur met 'n bierbottel tussen haar bene vasgeknyp. Tydens die ongeluk het die bottel haar ernstig beseer. Die pasiënt was baie vinnig in die hospitaal en net so reguit teater toe. Sy is egter oorlede.
"Die volgende dag het die familie vir haar persoonlike besittings kom vra. Daar was onder meer 'n selfoon by. As gevolg van die ongeluk het die selfoon nie meer gewerk nie. Die familie het die hospitaal geblameer. "Haar man het 'n baie groot saak daarvan gemaak en gesê dat ons nie na die besittings kyk nie. Hy het ook 'n klag teen ons gelê, maar dit was nie ons skuld nie. En dit is 'n tipiese voorbeeld van iets wat totaal buite ons beheer was."
Sy sê die mense wat regtig siek is, is meestal die wat dankbaar is vir mediese sorg. "Die pasiënte wat drie dae moet lê en wag vir 'n plek in die teater vir 'n handfraktuur – dit is hulle wat moeilik is. Maar ongelukkig werk dit so dat die ernstige gevalle, die prioriteit 1 en 2 pasiënte van bv. padongelukke, eerste behandel word. Die oomblik wat daar plek is, gaan jy deur teater toe."

Jy maak 'n verskil
Ja, sy het haar frustrasies in haar werk, erken sy. "Personeeltekort is 'n baie groot probleem. Daar is bekwame mense, maar hulle word nie aangestel nie. Sy sê die ideaal is om een suster vir elke bed te hê, maar tans het hulle drie susters vir elke vier beddens in hulle eenheid.

"En intern het die personeel in die gewone sale nie altyd 'n idee wat ons werk behels nie. Sommige dae baklei ek baie met hulle. "Soms bel ek om 'n pasiënt te bring en hulle sê ons doen nou rondte of dit is oorgeetyd – wag net so twee ure. Ek kan tog nie dit vir die ambulanse sê as hulle bel met 'n pasiënt nie? Ons stop net nooit nie. En die ander personeel verstaan dit nie."
Haar werk leer haar om kreatief te wees. "Ons het nie 'n tekort aan medisyne en voorraad nie, maar soms wil 'n bed nie werk nie en dan moet jy dit regmaak."
"Die dae wat regtig lekker is, is die dae wanneer ons soos 'n span werk. Dit maak dit vir my die moeite werd." Almal is daar om te werk, sê sy. "Die mense in ons eenheid het 'n goeie verhouding met mekaar, wat ek nie in die privaathospitale so ervaar het nie. Ons is een groot span wat mekaar kan ondersteun. Daar is 'n groot groep van ons wat in trauma opgelei is. Daar is altyd iemand wat weet hoe iets werk.
In 'n ernstige noodgeval gee niemand om van watter area jy kom of watter mediese fonds 'n mens het nie."

Wanneer sy aan die einde van die dag huis toe gaan, voel sy meestal lekker, maar doodmoeg.
"Daar is dae wanneer ek met my ou deurgetrapte tekkies nog steeds blase onder my voete het. Maar dit is dae wat jy lekker stories het om te vertel en 'n groot verskil in mense se lewe gemaak het."

Tanya de Vente *is 'n vryskutjoernalis en lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.*

Tema volgende KOMPAS:

Op die wysie van die vuvuzela

SENDINGSGESKIEDENIS in Suid-Afrika

Sending & Evangelisasie

Die VGKSA is intensief betrokke by sendingwerk, maar gelukkig is dit nie hulle wat met sending in Suid-Afrika begin het nie. Suid-Afrika het 'n ryk sendingsgeskiedenis, waarsonder die land nie sou gelyk het soos dit vandag lyk nie. In hierdie artikel gee ek in voëlvlug 'n oorsig van drie en 'n half eeu sending aan die suidpunt van Afrika.

Wat is sending?

Voor 'n mens iets oor die geskiedenis van die sending in Suid-Afrika kan skryf, moet 'n mens natuurlik weet wat *sending* is. Sendingwerk is op die bevel van die Here Jesus Christus gebaseer, wat ons byvoorbeeld in Mattheüs 28:18 lees: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

Die *doel* van sendingwerk kan in drie aspekte saamgevat word:

- Bekering van die heidene (ongelowiges)
- Planting van kerke
- Verheerliking van God oor die hele aarde

Begin van sending in Suid-Afrika

Vir sover ons weet, het die Bybel die eerste keer in 1652 na Suid-Afrika gekom om te bly. Dit was toe Jan van Riebeeck in opdrag van die VOC voet aan wal gesit het in die Kaap. Dit wil egter nie sê dat sendingwerk toe begin het nie. Die VOC (*Vereenigde Oostindische Compagnie*) was die eerste Westerse *Multi-National* en hul grootste belang was besigheid en om geld te verdien. Hulle was nie geïnteresseerd in die redding van heidene in Afrika nie.

Vir sover ons weet het die Bybel die eerste keer in 1652 na Suid-Afrika gekom om te bly.

Daar is 'n Nederlandssprekende gereformeerde kerk in die Kaap gestig om te voorsien in die geestelike behoeftes van die Europese koloniste. Sommige swartmense (Khoi-San) het in kontak gekom met die Bybel en die kerk deurdat hulle geleer is om te lees met behulp van die Bybel. Die eerste doel was egter nie hul bekering nie, maar hul beskawing, sodat hulle van diens kon wees met verskillende take in die kolonie. Verder was daar geen georganiseerde uitreiking na die swartmense met die Evangelie nie. Dit in teenstelling met die Nederlandse kolonie in Batavia, Oos-Indië (die huidige Indonesië), waar die Gereformeerde Kerke uit Nederland wel georganiseerde sendingwerk verrig het.

Hulle was nie geïnteresseerd in die redding van heidene in Afrika nie.

Die werklike begin van sendingwerk in Suid-Afrika dateer eers uit 1737 toe *George Schmidt* van die Morawiese Sendingsgenootskap uit Duitsland in die Kaap aangekom het.

In die agtiende eeu het daar oral in Europa sendingsgenootskappe ontstaan. Dit was in reaksie op die tydsgees van die Verligting of Rasionalisme, wat 'n lewende geloof in die God van die Woord vervang het met vertroue op die mens en sy verstandelike vermoëns. Hierdie tydsgees het 'n negatiewe invloed op die kerke in Europa gehad, met die gevolg dat daar by baie geen belangstelling was om die sendingsbevel van die Here Jesus daadwerklik op te volg nie. In die sendingsgenootskappe is veral klem gelê op die noodsaak van 'n lewende persoonlike geloof en die bekering van heidene wat andersins op pad hel toe was.



Genadendal-sendingstasie soos geskilder deur GF Angas rond 1849.

Toe George Schmidt in die Kaap aankom, het hy 'n sendingstasie in die Baviaanskloof gestig. Dit het later die naam *Genadendal* ontvang, en is ongeveer 80 km oos van Stellenbosch geleë. In daardie dae was dit 'n wa-reis van omtrent drie dae.

George Schmidt is egter nie met ope arms in die Kaap ontvang nie. Hy was naamlik nie in diens van die Gereformeerde Kerk nie, en die VOC wou nie verskillende kerklike groeperings aan die Kaap hê nie. Ook was daar baie koloniste wat geglo het dit was 'n onbegonne taak om die 'Hottentotte' te bekeer. Desnieteenstaande het hy met die werk begin, en hoewel die werk swaar was, het die Here in daardie eerste jare wel bekeerlinge geskenk.

Die werklike begin van sendingwerk in Suid-Afrika dateer eers uit 1737.

George Schmidt is egter al hoe meer deur die twee bestaande kerke in Kaapstad en Stellenbosch teengewerk, veral toe bekend geword het dat hy die doop aan bekeerlinge bedien. Dit het daartoe gelei dat hy versoek is om die Kaap te verlaat. In 1744 is hy op 'n skip terug Holland toe en het hy die res van sy lewe in Duitsland deurgebring.

Die eerste sewe jare sendingwerk was egter nie sonder vrug nie. Een van die eerste bekeerlinge was 'n vrou vir wie George Schmidt by haar doop die naam *Magdalena* gegee het. Sy het ná Schmidt se vertrek vir die mense uit die Bybel, wat hy vir haar gegee het, bly voorlees.

Na 50 jaar, in 1793, vind die drie nuwe sendelinge vir moeder Magdalena met haar Bybel

Toe die sendingwerk na byna 50 jaar in 1793 weer hervat is, het die drie nuwe sendelinge Magdalena nog steeds daar gevind. Sy het intussen oud en blind geword, maar het nog steeds haar Bybel gehad, en haar dogters vir wie sy leer lees het, kon daaruit voorlees.

Die Groot Sendingseeu

Die feit dat die sendingwerk hervat kon word, was te danke aan 'n verandering in regeringsbeleid aan die Kaap. Voortaan is meerdere kerkgenootskappe in die Kaap toegelaat. Dit het 'n geweldige instroming van sendingsgenootskappe in die 19de eeu tot gevolg

Kerkgebou op Genadendal,
die eerste sendingstasie in Suid-Afrika

gehad. So kon die Morawiese sendingsgenootskap sy werk in die Wes- en Oos-Kaap voortsit en uitbrei. Maar ook ander het gekom, soos die Rynse Sendingsgenootskap uit Duitsland, die Noorse Sendingsgenootskap uit Noorweë, die Paryse Sendingsgenootskap uit Frankryk, die Londense Sendingsgenootskap uit Brittanje, en so nog vele ander uit lande soos Nederland, Skotland, Denemarke, Swede, Switserland, Ierland, Amerika, ensovoorts. Die 19de eeu staan bekend as die Groot Sendingseeu. Sendingstasies is gestig, aanvanklik in die Kaap, maar dit het al hoe verder Noord en Oos uitgebrei. Voordat daar goud en diamante ontdek is in die helfte van die 19de eeu, was sendelinge waarskynlik die grootste groep Europeërs wat hul in donker Afrika kom vestig het. Daar was meer as 200 sendingstasies regoor die land. Sommige het uitgegroei tot groot nedersettings, soos Genadendal, wat aan die begin van die 19de eeu ná Kaapstad die tweede grootste dorp in die land was. Ander sendingstasies het op 'n mislukking uitgeloop. So was die bekende trekker-dominee Erasmus Smit 'n geskorste sendeling van die Londense Sendingsgenootskap. Hy het 'n sendingstasie probeer oprig op die plaas Kookfontein (waar nou die Karoo Nasionale Park geleë is), maar dit het platgeval.

Die negentiende eeu staan bekend as die Groot Sendingseeu.

Behalwe vir die buitelandse sendingsgenootskappe is daar ook 'n Suid-Afrikaanse Sendelingsgenootskap gestig, hoewel sy aktiwiteite maar klein was vergeleke met die res. Wel het daar in die loop van die jare meer samewerking gekom tussen die sendingsgenootskappe en van die plaaslike kerke. 'n Mens sien ook dat swart bekeerlinge aanvanklik in die Gereformeerde gemeentes opgeneem is, maar in die loop van die 19de eeu het die gewoonte van aparte kerke vir blank en swart begin ontstaan.

Invloed van die sendingstasies

Die invloed van die sendingstasies was geweldig groot op Suid-Afrika se geskiedenis. Baie swartmense het tot bekering gekom, kerke is gestig, en die lig van die Evangelie het op baie plekke aan die donker suidpunt van Afrika begin skyn. Verder het die sendingstasies ook vir baie swartmense skoling en geletterdheid en ambagte bygebring. Dit het soms jaloersheid tot gevolg gehad by die omliggende (Vryburger) boere, wie se kinders ongeskoold was. Deur die jare was daar dikwels wrywing tussen die boere en die sendingstasies. Sendelinge het die boere opgeroep om hul slawe of arbeiders goed te behandel, en byvoorbeeld nie in wynrantsoene uit te betaal nie. Boere het die sendelinge egter beskuldig dat hulle hul arbeiders 'steel'. Veral na die afskaffing van slawerny in die 19de eeu het baie slawe wat op die plase woonagtig was, verkies om op die sendingstasies te gaan woon. Tog was daar ook baie voorbeelde van positiewe samewerking, waar omliggende boere die Sondagse eredienste op sendingstasies besoek het, asook hul kinders na die skool aldaar gestuur het. Die sendingstasies het ook baie buite-egtelike kinders opgevang, wat die boere by hul slawe/arbeiders verwek het.

Die meeste swart volke in Suid-Afrika het al die Bybel in hul eie taal gehad voordat dit in 1933 deur Totius in Afrikaans vertaal is.

Bybelvertaling

'n Groot taak vir die sendelinge was ook om die Bybel in die verskillende tale van die swartmense te vertaal. So is die Bybel in 1883 die eerste keer volledig in Zoeloe vertaal. Die eerste Noord-Sotho- vertaling van die Bybel is in 1904 voltooi te Botshabelo (tussen Middelburg en Groblersdal) deur die Berlynse Sendingsgenootskap. Die meeste swart volke in Suid-Afrika het dus al die Bybel in hul eie taal gehad voordat dit in 1933 deur Totius in Afrikaans vertaal is.

In die 20ste eeu het die Eerste en Tweede Wêreldoorloë 'n groot invloed op die sendingstasies gehad, in die sin dat baie fondse tot dan uit Europa gekom het. Na die wêreldoorloë was die Europese lande egter te arm om daarmee voort te gaan. Mede hierdeur asook vanweë die verstedeliking in die tweede helfte van die 20ste eeu het die invloed van die sendingstasies drasties afgeneem.

Sending en owerheid

Deur die eeue was die verhouding tussen die sendingwerk en die owerheid nie altyd rooskleurig nie. In die 17de en 18de eeu is die sending as 'n destabiliserende faktor beskou. In die 19de eeu was die Britse owerheid positief teenoor die sendingstasies, gesien die groot bydrae wat hulle gelewer het tot die ontwikkeling van die swart bevolking. Die sendingstasies het self ook voordeel getrek van die wet en orde en stabiliteit wat die koloniale owerhede aan die suidpunt van Afrika gebring het. Tog het die owerheid ook heeltyd probeer inmeng in sendingsake, byvoorbeeld met betrekking tot grondkwessies. Dieselfde kan gesê word oor die regerings in die Vrystaat en die ZAR. In die 20ste eeu het die apartheidsregering sedert 1948 ook die sendingwerk probeer reguleer. Net kerke wat van staatsweë erken is, is voortaan toegelaat om in die (beplande) tuislande sending te dryf en so die tuislandbeleid te ondersteun – soos byvoorbeeld die drie susterkerke. Ander kerkgenootskappe mog net in die *townships* evangeliseer, wat as tydelike onderkome vir die swartmense beskou is. Die geskiedenis het egter so verloop dat baie dele van die platteland ontvolk het en die *townships* al hoe groter geword het.

Wat staan ons te doen?

Ook vandag is voortgaande sendingwerk in Suid-Afrika onontbeerlik. Hoewel 75% van die bevolking hulself as Christelik beskou, is dit by die meeste baie oppervlakkig en dikwels nog vermeng met die heidendom. Verder lyk dit of daar in die nuwe Suid-Afrika 'n sterk terugkoms is van die ou heidense tradisionele Afrika-godsdienste. Ook vir die 21ste eeu geld Christus se sendingsopdrag om ongelowiges na geloof en bekering te lei, om kerke te plant, en om God te verheerlik in hierdie land.

Ds PG Boon *is sendeling in Soshanguve.*

Hierdie artikel is oorspronklik geskryf as hoofstuk vir 'n Kerkgeskiedenishandboek van *Aros.*

BEGENADIGING deur die PRESIDENT

In Pers-pektief

Daar was heelwat spekulasie in die pers rondom die strafkwytskelding en vrylating deur President Zuma van o.a. Schabir Shaik en Eugene de Kock. Hulle is veroordeelde misdadigers wat 'n deel van hul straf uitgedien het. Hulle is openbare figure wie se misdade breë aandag ontvang het en nog steeds sterk emosies oproep. Dr Braam Hanekom, moderator van die NG Sinode van Wes- en Suid-Kaapland, het hieroor kommentaar gelewer in *Die Burger* van 27 Januarie 2010.

Dr Hanekom stel tereg dat, vir 'n Christen, Bybelse konsepte soos reg en geregtigheid, genade, vryspraak, vylating en vergifnis 'n rol speel by die beoordeling van die huidige saak van begenadiging deur die President. Hy noem Lukas 4:18 en 19 waar Jesus aanhaal uit Jesaja en sê dat Hy gekom het "om vrylating van gevangenes uit te roep ... om die genadejaar van die Here aan te kondig". Was dit bloot 'n metaforiese geestelike verwysing, of het dit implikasies vir hulle wat letterlik in die tronk sit? Die vraag word ook gevra of die vrylating van De Kock nie maar net 'n rookskerm is vir die vrylating van Shaik nie. Word daarmee saam nie 'n katnes van gebeure onder die mat ingevee nie? Maar die laaste hef egter nie die eersgenoemde vrae op nie. Dr Hanekom vervolg.

"Mag ek met huiwering, te midde van kompleksiteit, 'n oomblik hardop oor die saak dink? In die eerste plek weet ek dat die Evangelie ons juis die Boodskap bring dat tweede kanse in die lewe moontlik is. Christus maak dit vir die grootste sondaar moontlik. Dit is juis die wonder van die Evangelie. Natuurlik mag dit nooit, in die woorde van Dietrich Bonhoeffer, 'n 'goedkoop genade' wees nie. Genade en vrylating moet altyd gepaard gaan met berou, 'n eerlike erkenning en 'n eie pleidooi om vergifnis. Vrylating en genade binne Bybelse konteks geskied altyd binne hierdie raamwerk.

"Terselfdertyd praat die Bybel baie hard en duidelik oor geregtigheid. Ek dink nie ons verstaan altyd hoe belangrik konsekwente geregtigheid vir God is nie. Om geregtigheid te laat geskied, vra soms byna bomenslike wysheid. Ons lees reeds in die Ou Testament hoe Salomo se wysheid hom in sy regspraak moes help. Groot onreg kan baie maklik in die naam van geregtigheid plaasvind. In die Christelike tradisie word egter gewag gemaak van die moontlikheid dat die "son van geregtigheid" oor ons almal kan skyn. Dit is 'n omvattende konsep met baie kante, maar hou onder meer die belofte van Goddelike insig en wysheid in, wat veel meer is as menslike slimmigheid en rede.

"Ons het dit bitter nodig, veral omdat menslike selfsug en eiebelang ons denke so maklik beïnvloed. Ons het almal verder 'n duidelike opdrag ontvang om te vergewe, te versoen en inderdaad vredemakers te wees. Hoe kry ons dit reg? Alleen wanneer die Gees ons broos en nederig maak. Wanneer ons sensitief raak vir slagoffers, wie hulle ook al is en waar hulle hul ook al bevind. Die debatte oor De Kock en Shaik lê noodwendig ook die geestelike kontoere van die Suid-Afrikaanse psige bloot. Mag ons onthou dat enkelvoudige antwoorde in 'n gebroke wêreld skaars is."

Tot sover dr Hanekom. Een van die belangrikste tersaaklike aspekte wat dr Hanekom nie noem nie, is die *onderskeid tussen persoonlike vergewing en geregtigheid deur die owerheid*. Die owerheid het die spesifieke taak om misdadigers in verhouding met hul misdaad te straf en (tydelik of permanent) uit die samelewing te verwyder. Regters in ons tyd lê dikwels milde strawwe op onder druk van goeie advokate of moet misdadigers selfs vrylaat as gevolg van onprofessionele optrede deur die polisie of geregsdienaars. Dié wat wel veroordeel word, het dit deurgaans verdien. Maar volgens tradisie, ook uit die Bybel, kan konings en presidente inderdaad veroordeelde misdadigers, op hulle versoek, hul (verdere) straf kwytskeld.

Mense in die tronk wat in die Bybel genoem word, was deurgaans geld-skuldenaars wat in die tronk moes werk om hul skulde af te los of mense wat vanweë hul profeet-wees of geloof in die tronk opgesluit was. Moordenaars is vroeër tereggestel en nie lank in 'n tronk opgesluit nie. Die vraag wat Christene hulself kan afvra, is of moordenaars in ons tyd nog ter dood veroordeel moet word of lewenslank vir hul misdade in 'n tronk moet boet of dwangarbeid moet verrig. Ek meen die laaste is inderdaad vanuit 'n Christelike standpunt verdedigbaar.

Die slagoffer(s) en nabestaandes moet wel persoonlik die betrokke misdadiger(s) vergewe, maar dit onthef hulle nie van hul straf nie. Persoonlike vergewing is ook nie afhanklik van berou deur die misdadiger(s)

nie (vergelyk Christus by sy kruisiging en Stefanus by sy steniging). 'n Lewe met wraakgedagtes pas nie by 'n Christen nie en verhinder sy/haar lewe in blydskap voor Christus, wat vir ons baie méér vergewe het. Daarom moet persoonlike vergewing altyd onvoorwaardelik wees.

President Zuma sal ongetwyfeld graag sy ou vriend Schabir Shaik wil vrylaat. Maar omdat Shaik deur sy slimmigheid en vriende bitter min van sy straf in 'n tronk uitgedien het, is daar ontevredenheid by dié wat nie vriende van die Shaik's of van Zuma is nie (soos die meeste blankes) om dit sonder meer te aanvaar. Omdat Zuma en/of die ANC dit besef, lyk dit inderdaad aanneemlik dat iets teenoor die vrylating van Shaik gestel moet word. Vir 'n deel van die Afrikaners is Eugene de Kock 'n slagoffer van politieke aksie. Hy moet boet vir die misdade van apartheid. Dus, as hy én Shaik gelyktydig begenadig word, sal die meeste partye tevrede wees. Aldus 'n aanneemlike teorie.

Ek meen dat in alle gevalle van strafkwytskelding deur die owerheid daar berou moet wees by die wetsoortreders oor hulle misdade. Sonder berou dus geen begenadiging deur die owerheid nie. Dit moet ook geld vir Shaik en De Kock. Al het De Kock dalk sy dade uitgevoer onder geestelike en politieke druk, behoort hy nou in te sien dat hierdie dade verkeerd was, al was dit in die kader van die verdediging van die apartheidstelsel. Maar as hulle volhou dat hul dade reg was en dus geen oortreding nie, moet die gereg sy volle uitwerking hou en behoort hulle dus in die tronk te bly. Anders word dit inderdaad 'goedkoop genade'.

Hans Moes *is 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad.*

ADVERTENSIES

GORDONSBAAI - HOOGGENOEG
3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met uitsig op see en berge.
Vir verdere inligting en besprekings kontak ons by:
jettysalomons@telkomsa.net
082 320 6577 of 021 856 0736
Piet en Jetty Salomons

On the Balcony

selfsorg-eenheid vir maksimum 4 persone.
Volledige inligting beskikbaar op
www.wheretostay.co.za/onthebalcony/
of ingridkl@iafrica.com
of 021 910-2260
Gert & Ingrid Klapwijk

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo Tel 012 335 9134

Redaksie:
Jan de Mooij
Kees Roose
Willemien Kleijn
Irene van der Meer
Arnoud van den Bout

Subredakteurs:
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Wetenskap & Tegnologie:
Lodewijk IJlst
Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:
Ineke Roose
Sending & Evangelisasie:
Jan de Mooij
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
In Pers-pektief:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Tanya de Vente

Redaksieadres:
Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R55
RSA per hand : R110
RSA per pos : R150
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

Infocus *fotografie*

Basiese- tot gevorderde **Fotografie kursusse.**
Ons neem jou **Troufoto's** in styl.
Baba- en **Gesinsfoto's** in ons studio in 'n ontspanne omgewing *of* by jou huis.
Kontak Gerbrand & Annet Klapwijk
Studio: 012 331 5483
Sel: 083 452 4583
28 ste laan 880 Rietfontein

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**
  Corneliusstraat 1071, Panorama, A H, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 / dskleijn@vgk.org.za
- **Rev BA Matlaela :**
  Soshanguve Noord; tel 073 241 9963
- **Rev T Mogale :**
  19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 / kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
  Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 / hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen :**
  Koedoestraat 33, Bethal 2310; tel 017 647 6881 / 084 440 2428
  emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
  Hibiscusstraat 54,Chantelle 0182 tel 012 549-3668 / dmboersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
  Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
  Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 / hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds T de Boer :**
  Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 / tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev MP Magagula :**
  575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Rev J Mhlanga :**
  Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za
- **Rev GF Mnisi**
  Soshanguve; tel 072 237 2412